# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 08:00 EN 09:30**

## Verwag ontsettende lyding, maar vertrou altyd op God!

**Skriflesing:**
1 Petrus 4:12-19

**Teksvers:**
1 Petrus 4:19

**Sing:**
Lied 202:1,2,3
Lied 168:3
Lied 241:1
Sb 16-1:1-3
Ps 138-1:8,17
Ps 118-1:7,14
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Elke kind van God wat gehoorsaam en heilig voor God lewe, verduur lyding vanweë hulle christenskap. Dit is omdat mense die evangelie en God teenstaan, weerstaan en verwerp. Dit is die lyding waarvan daar gepraat word in die voorafgaande deel van Petrus. Maar in hierdie gedagte-eenheid wat ons gelees het, hoor ons van die vurige lyding wat die hele of volle kerk van die Here sal tref. Dit is nie net persoonlike swaarkry en lyding nie, maar 'n offisiële lyding van die owerhede wat oor die hele kerk sal kom, maar natuurlik ook persoonlik oor elkeen.

Ons gaan na vier sake kyk:
Verwag lyding. 1 Petr 4:12
Verbly jou in lyding. 1 Petr 4:13-14
Verstaan jou lyding. 1 Petr 4:15-18
Vertrou jou lewe in jou lyding aan God toe. 1 Petr 4:19

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Verhoog tot ons voordeel en tot sy eer!

**Skriflesing:**
Johannes 3
Efesiërs 4
Filippense 2

**Teksvers:**
Johannes 3:13-15
Efesiërs 4:9-10

**HK** Sondag 17 en 18

**Sing:**
Sb 5-3:1,2,5
Ps 32:1
Ps 68:8
Ps 47:3,4

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ons behandel vandag die neerdaling en verhoging van die Here Jesus Christus.

Hy is die lydende Messias, maar deur lyding gaan Hy tot heerlikheid. Deur sy hellevaart (wat sy hele lewe geduur het, maar veral aan die einde in die Godverlatenheid aan die kruis – Sondag 15 en 16) het Hy stelselmatig neergedaal in die smarte wat oor ons moes kom. Dit het Hom die vervloekte kruis en onregverdige veroordeling tot die dood gekos! Daarmee het Hy ons daarvan verlos maar ook vir ons 'n deurbraak gemaak wat niemand anders kon of sou kon doen nie.

Daarom is Hy verhoog sodat elke knie sal buig en elke tong bely dat Hy die Here is. Hy en Hy alleen!



# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 33 3 Oktober 2021**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

## Is dit maklik om 'n christen te wees?

Hierop is daar nie 'n eenduidige, enkelvoudige antwoord nie. Aan die een kant ja, aan die ander kant nee. Daar is 'n eenvoudige antwoord: **Joh 3:16** "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."

En tog vra God ook dat ons Hom voluit moet dien. **Pred 12:13** "Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word". Maar ons glo en bely dat alles is net GENADE. Is dit dan nog maklik om 'n christen te wees? Die probleem kom in as ek christenskap koppel aan… my verwagtinge, my dade, my doen en late en werke. Want juis wat ék wil, strook nie altyd met wat God wil nie. God se raadsplan staan vas. En tog vra God net dat ons opreg en eerlik, vas en seker, in Hom sal glo. Ons bely elke Sondagoggend ons geloof. Ja ons dwaal af, ons is dikwels kleingelowig, maar tog bely ons alles voor God: "Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!" (Ps 139:23,24) Nooit het God aan ons geleer dit gaan maklik wees nie. Maar altyd leer God aan ons dat daar by Hom genade, barmhartigheid en lankmoedigheid te vinde is. Daarom slaan ons ons oë op na God. By God is daar vergifnis en redding. By God is daar genade. By God is daar vergewing. By God is daar vir my rus.

As ek dit dus net regkry om voluit op God te vertrou, in Hom te glo, Hom te dien, selfs bereid is om minder te word, sodat God meer word en in nederigheid voor Hom staan, is dit maklik. Dan lê die klem nie meer by my en wat ek moet doen nie, maar die klem is by God en wat God vir my doen. Dan is dit maklik, omdat ons voluit op God vertrou! **1Joh 5:3-5** "Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, 4 want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. 5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?"

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*
### *EREDIENSTYE*

**Meer as oorwinnaars!**

Die volgende eredienste word uitgesaai op tye soos aangedui:

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30

Afrikaanse Aanddiens: 18:00


Telefoon: 060 696 7373
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140


Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

---

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## Geestelike opbou 17 Oktober 2021 na die aanddiens

Crossroads Prison Ministries gaan vertel van hulle werk in die tronke en van die wonderlike dade van die Here. Ons is ook op soek na nog mense om as mentors op te tree vir hierdie werk. Dit behels die merk van lesse vanaf 'n memorandum en die skryf van 'n brief van bemoediging aan die gevangenes. U kan dus op u eie tyd en in die gemak van u huis deel word van hierdie evangelisasie poging en om inspraak te lewer in 'n persoon se lewe. Meeste mentors kan getuig dat hulle self daardeur geestelik verryk word.







## DEBIETORDERS

Ons het einde Augustus probleme ervaar met die skep van die debietorders vir September. Twee faktore het hier 'n rol gespeel. Eerstens het ons kassier se gesondheid drasties agteruit gegaan en tweedens het ons bankiers oorgeskakel na 'n ander platform. Laasgenoemde het ons steeds toegelaat om die band te skep. Wel was daar 'n waarskuwing op die bladsy wat jy as bevestiging ontvang, maar dit het baie dieselfde gelyk as die normale bevestiging en is oor die hoof gesien.

Ons het vroeg in September vasgestel dat die band nie geloop het nie. Die eerste opsie was om binne 'n paar dae weer 'n nuwe band te skep. Ons was egter bekommerd dat dit terugskrywings tot gevolg kan hê met die gepaardgaande boetes vir lidmate. Gevolglik het ons SMS'e gestuur na al die betrokkenes met die kennisgewing dat ons in Oktober 'n dubbel debiet sal hef. Ten opsigte van die SMS'e wat nie deurgegaan het nie, het ons die normale enkel betaling deurgesit. Aan hierdie persone gee ons die geleentheid om self per elektroniese oorplasing die betaling vir September te maak. Alternatiewelik kan u met ons kommunikeer om die agterstallige betaling in November te verhaal. Ons vra om verskoning vir enige moontlike ongerief.

Met die oorgaan na die nuwe stelsel en ook nuwe persone wat nou die werk doen, is daar sekerlik 'n risiko dat daar foute kan wees. Ons het alles in ons vermoë gedoen om dit te voorkom. Sou daar egter foute wees verneem ons graag van u sodat ons dit kan regstel.

Kommunikeer gerus met ons per e-pos by gerit@uniplug.co.za of met Willie Jordaan, ons tydelike kassier, by jordaanwj@gmail.com. Alternatiewelik kan u met my skakel by 082 572 5235.

Vriendelike groete
Gerrit Beumer

# S U S T E R S

## GRENDELWINKEL

'n Grendelwinkel word beplan vir 5 Nov. Die markdag wat beplan is, staan oor tot 2022 wanneer die Covid-beperkings nie meer geldig is nie. Meer inligting oor die Grendelwinkel sal volg.

## DROË VRUGTE

| | | |
|---|---|---|
| Ongeskilde perskes | 500g | R45 |
| Geskilde perskes | 500g | R65 |
| Gemaalde perskes | 500g | R45 |
| Nektariens | 500g | R50 |
| Pruimedante | 500g | R50 |
| Gemengde vrugte | 500g | R50 |
| Lekkers | 500g | R40 |
| Appelringe | 250g | R40 |
| Pere | 500g | R50 |
| Vrugtevlokkies | 250g | R40 |
| Perskerolletjies | 100g | R15 |
| Peerrolletjies | 100g | R15 |

Kontak Rika Kruger 0768347774
vir bestelling en afhaal by Cliftonlaan 11




Vrydagaand, 22 Okt om 19:00
Saterdagmiddag, 23 Okt 15:00
Prys: R250,00pp
Plek : NG Kerk Elarduspark

Duetpare is: Nadia Beukes en Willem Botha; Manuel Escorcio en Zita Pretorius; Louis Loock van Romanz en Loriska Smidt; du Preez Stoltz en Charlize Berg.
Navrae: Ds Lourens Venter 082 5292 330
Bespreking en betaling van kaartjies—kerkkantoor (Di, Do, Vry tussen 09:00-11:00)
**060 696 7373**

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het baie kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help om jou selfvertoue te verbeter met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring as you want it). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

**Musieklesse vir oud en jonk**. Klavier, Viool, Ghitaar, Tromme, Blokfluit, Colourstrings Kindergarten, Musiek Teorie. Mariki Lessing (079 796 8563).

Elgin is finale jaar LLB by Wits en opsoek na 'n posisie vir volgende jaar. Ek kan van hom getuig. Carina van der Dussen 082 374 2780.

**Gesoek huis om te huur** - Centurion/Pretoria area. Vrystaande huis: 3 sk en 2mh vir spasie waar Jan sy kombuiskaste kan maak, geen swembad. Prys tussen R10- R12 000. Jan 0794554580 of Charvette Reesink 0823194172.

Die Senior Aksie vergader DV weer op Maandag 11 Oktober 2021 om 10:00 in die Kerksaal.

Ds Gerrit Kruger gaan met ons kom praat oor Orgaanskenking en 'n Bybelse perspektief gee.

Almal is welkom en julle kan julle vrae saambring!



# VERJAARSDAE

### *BELYDENDE LIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3 Okt | Ernest | Bornman | E01 | 27820632564 |
| | Cobus | de la Porte | A12 | 27823798533 |
| | Izak | Erasmus | B09 | 27722335205 |
| | Elize | Kruger | B16 | 27824032016 |
| | Marius | Zwemstra | A12 | 27784232928 |
| 4 Okt | Santie | Coetzer | B09 | 27725899448 |
| | Elizabeth | Holdt | B16 | 27836566067 |
| | Bokkie | Prinsloo | A06 | 27836315702 |
| 5 Okt | Gert | de Klerk | A13 | 27843996461 |
| | Bauke | Dijkstra | B07 | 27814434029 |
| | Marlie | Maree | C02 | 27824412799 |
| | Lené | vd Walt | C02 | 27605421769 |
| 6 Okt | Zinette | Cronje | C05 | 27763079223 |
| | Casper | Kruger | C04 | 27825789386 |
| 7 Okt | Helena | de Beer | A07 | 27826346625 |
| | Rassie | Erasmus | C04 | 27825749804 |
| | Rika | Kruger | B07 | 27768347774 |
| 8 Okt | Corne | Nel | B18 | 27824176286 |
| | Fransa | v Niekerk | C15 | 27788533986 |
| 9 Okt | Liesbeth | Oosthuizen | C04 | 27713199843 |
| | Manie | v Antwerpen | A08 | 27836556822 |
| | Jana | Venter | C13 | 27833021062 |

### *DOOPLIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3 Okt | Paul | Coelho | C07 | 27823318622 |
| 6 Okt | Ivanka | vd Merwe | A08 | 27606089857 |

## Kwiltuitstalling

'n Kwiltuitstalling vind by die Voortrekkermonument plaas vanaf 4 – 8 Oktober 2021 vanaf 09:00 tot 15:00 elke dag. Die uitstalling is gratis, maar normale hekfooie word gehef vir toegang tot die Monument. Werke word uitgestal wat gedurende die inperking vanaf Maart 2020 tot onlangs gemaak is. Almal welkom!

## Erediensbywoning

Met die verandering van vlak 3 na vlak 2 in die Covid pandemie, het die kerk-raad dit goedgekeur om die eredienste almal oop te maak vir bywoning deur lidmate. Die besluit is gebaseer op die bywoning statistiek van die afgelope 18 maande waar bywoning nie meer as 50% van uitgenooide lidmate oorskry nie. Indien ons in ag neem dat volgens die nuwe beperkings ons 250 mense in die kerk en 250 in die saal kan akkommodeer is die kerkraad van mening dat ons nooit meer as tussen 250-350 mense sal kry wat die erediens bywoon nie. Dus kan ons nog steeds dit veilig doen met genoeg afstand tussen mense, asook die nodige sanitering en dra van maskers om jouself en ander te beskerm. Indien u op enige stadium ongemaklik voel oor die getalle, voel gerus vry om in die kerk of saal rond te skuif.

Dankie vir u verstaan en geduld. Ons glo die Here sal ons op die regte tyd weer almal sonder enige beperkinge saambring om Hom te loof en prys as Centurion Gemeente.

Die Bedieningskommissie sal weer besin oor die nuwe aankondiging van die Staatspresident van Donderdagaand.

## BYBELS BESKIKBAAR

Bybels in al die amptelike tale is tans beskikbaar by die kerkkantoor: R135 (hardeband) en R70 (sagteband). **Bevestig asb vooraf met kantoor dat die Bybels wel beskikbaar is**.

**Betaal asb die bedrag in die kerk se rekening** (verwysing Biblos) en kom ruil u bewys van betaling, by die kerkkantoor, vir 'n Bybel.

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"...die Here sal my onder sy sorg neem."* Ps 27:10

- Willem Myburgh het 'n prosedure ondergaan in Midstream Hospitaal (B11—081 361 5936)
- Ons dink aan Ds Maarten en Phia wie se kleinseun Abraham Donderdag 'n groot operasie ondergaan het.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# *Geluk*

♥ Pieter en Liz van der Smit met die doop van Chrisjan vanoggend.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service : Ds Maarten van Helden will lead the service.
Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

### Kerkkantoor-ure

Die kerkkantoor sal weer vanaf 4 Oktober 2021 beman word op: Maandae—Vrydae tussen 09:00-14:00.

### KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Mukhanyo Afstand onderrig

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversorging

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 is tjeks as 'n betaalmetode gestaak.



### Christelike Huweliksverrykingkamp

Pas getroud of al getroud vir 'n tydjie? Kom geniet 'n verrykende naweek op 'n pragtige terrein waar ons ander gelowiges gaan ontmoet, verdiep in die Here se Woord, en positief saam gesels oor ons roeping as gelowige egpare en ouers.

**Datum:** 12- 14 November 2021
**Prys:** R1400 per paartjie (beddegoed, etes en eetgerei ingesluit)
**Plek:** Witte Duif Gasteplaas, Koster
**Kontakpersoon:** Eljé Oosthuizen (0766307006) of besoek ons Facebook blad (Christelike huweliksverrykingskamp)
**Aangebied deur:** Prof. Albert Coetsee (professor by die Teologiese skool van Potchefstroom)

Bespreek vandag - daar is slegs plek vir nog 16 paartjies beskikbaar!

# Sondagaand Preek Notas:



## Evangelisasie Naweek!!

**Saterdag 30 Oktober van 15:00 to 20:00**
**Sondag 31 Oktober – Evangelisasie Eredienste**
***Ete kaartjies Beskikbaar***

## Kom kuier saam met die gemeente rondom die tema van Evangelisasie

Saterdag 30 Okt – namiddag en aand

15:00 – 17:00 – Aankoms, kuier en eet
17:00 – 18:00 – Aanbieding (Harvesters)
18:00 – 19:00 – Kom kyk waarmee GK Centurion besig is!!
19:00 – 20:00 – Aanbieding (Prof Naas Ferreira)

Sondag 31 Okt – Oggenddienste – Prof Naas Ferreira






## Evangelisasie Naweek!!

**Saterdag 30 Oktober van 15:00 tot 20:00**
**Sondag 31 Oktober – Erediens – Prof Naas Ferreira**
***Kos vir Saterdagaand word gereel en kaartjies sal verkoop word***

## Kom kyk Waarmee GK Centurion besig is!!

**Kom kuier saam met die gemeente rondom die tema van Evangelisasie**

**Ons kyk na die werksaamhede binne die GK Centurion, die breë GK verband en ook internasionale Evangelisasie aksies**

**Prof Naas Ferreira vertel ons meer wat die GKSA doen en Francois Rauch van Harversters Ministries gesels oor "Die triomf van die evangelie wêreldwyd"**

**Kom besoek ons stalletjies van die aksies binne die kerk en kom kyk waar jy betrokke kan raak**

